

8 Desember

Matteus 6: 22-24

(Teks: 6:22 en 23) Behou die regte perspektief op jou dagprogram

'n Dag vol baie dinge, soos al die ander dae van my lewe. 'n Vol program met min tyd om alles gedoen te kry. Miskien ook 'n dag vol bekommernis oor alles wat die lewe inhou en oor al jou verantwoordelikhede. Met die woorde van ons teksvers wil die Here Jesus ons leer om die regte perspektief te kry op elke dag se dagtaak. Met die regte visie op hierdie dag kan en sal dit ook 'n dag vol balans en vreugde wees. Daarom moet ons sorg dat ons perspektief op sake reg is, sodat ons dag ook sinvol en vreugdevol kan wees.

Wat bring hierdie perspektief? Hierdie perspektief word geskep deur die keuse om nie vir God en Mammon te werk nie, maar vir God alleen. Want deur God eerste te stel word my kragte nie vermors op onbelangrike sake wat nie diensbaar aan God is nie en daardeur wen ek baie tyd en kragte. Dan kan ek konsentreer op dit wat werklik saak maak. Deur die Koninkryk van God eerste te stel word my dagprogram so saamgestel dat ek my kragte inspan in die sake waarvoor dit werklik gaan en wat waarlik bydra tot die uitbou van daardie Koninkryk. Jy sal verbaas wees oor hoeveel ekstra tyd en krag jy met hierdie visie op jou dagprogram kan genereer.

Hierdie perspektief word verder in stand gehou deur die vaste geloof en wete dat God vir my sorg en dat Hy my arbeid seën. Sy belofte staan vas dat Hy baie baler vir my sal sorg as vir die lelies van die veld of die voëls van die hemel. Deur dit te glo en my minder te bekommer, sal ek verstom staan oor die gemoedsrus, balans en vreugde wat my dagtaak vir my inhou. Want dan word my arbeid 'n dienswerk aan God gewy en nie 'n oorlewingstryd om te sorg vir die dag van môre nie. Hierdie perspektief beteken nie dat 'n gelowige op sy louere kan rus en nie hard hoef te werk nie. Nee, maar hierdie visie op jou dagtaak maak harde werk, sinvolle werk en gee 'n gebalanseerde lewensuitkyk.

As jou oog goed is, sal jou hele lewe goed wees, as jou oog sleg is, sal jou hele lewe sleg wees. Leer vandag by die Here om met hierdie perspektief na jou dagprogram te kyk. Stel jou program vanuit hierdie vertrekpunte en jou hele lewe sal verander.

Sing Skrifberyming 17:5 en 6 Ds. P. Venter (Rustenburg-Wes)